kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 188

O God, so ryk en goed,
gee ons solank ons lewe
altyd 'n blye hart;
as dit u wil is: vrede.
Laat u genade ons
beveilig teen gevaar,
in donker ure ons
van struikeling bewaar.

Lof, eer sing ons voor God,
die bron van alle lewe –
die Vader, Seun en Gees,
almagtig en verhewe.
Drie-enig God, ons roem
u krag en majesteit.
O Heer, ons wil U noem:
ons God in ewigheid!

Woorddiens

Tema: Wanneer verander ons water in wyn?

Skriflesing: Johannes 2:1-11

Broodjies vir die pad

"Like the sacramental use of water and bread and wine, friendship takes what's common in human experience and turns it into something holy."
— Eugene Peterson

"The important thing is not to stop questioning. Curiosity has its own reason for existence. One cannot help but be in awe when he contemplates the mysteries of eternity, of life, of the marvelous structure of reality. It is enough if one tries merely to comprehend a little of this mystery each day.
—"Old Man's Advice to Youth: 'Never Lose a Holy Curiosity.'" LIFE Magazine (2 May 1955) p. 64"
— Albert Einstein

"There is only one important point you must keep in your mind and let it be your guide. No matter what people call you, you are just who you are. Keep to this truth. You must ask yourself how is it you want to live your life. We live and we die, this is the truth that we can only face alone. No one can help us, not even the Buddha. So consider carefully, what prevents you from living the way you want to live your life?"
— His Holiness the Dalai Lama

'Cheers' se lirieke en Godse kenbelofte

Wilhelm Jordaan

'n Klompie jare gelede het 'n dominee wat weens onversoenbaarheid met sy gemeente uit die NG Kerk bedank het, gesê die kerk het te min deernis. En bygevoeg dat om relevant te wees, moet die kerk leer om soos 'n kroeg te wees.

Hy het die bekende TV-kroegkomediereeks Cheers se melankoliese kenwysie en lirieke gebruik om deernis te illustreer:

"Sometimes you want to go / Where everybody knows your name, / And they're always glad you came / You wanna be where you can see, / Our troubles are all the same . . ."

Sondagaand is ek gevra om by 'n NG gemeente in Pretoria te praat oor hoe die kerk oor 30 jaar sal lyk. In die loop van my praatjie wys ek 'n foto van sommige van Cheers se hoofkarakters (Sam, Diane, Norm, Clara, Cliff en Coach).

Hier en daar giggel en glimlag dit. En ek speel die kenwysie. Niemand is beswaard nie, almal luister. En ek voeg by: "Op 'n vreemde manier resoneer die liedjie se menslike kenmekaarwoorde met God se kenbelofte iewers in Jesaja: "Ek het jou by jou naam geroep. Jy is myne." Daarmee die groot lewensopdrag – in die kerk, in die kroeg, op die speelveld, by die werk, waar ook al: Dat ons van mekaar sal weet omdat God van ons weet, want om van geweet te wees is die mens se vroegste en diepste behoefte.

Sê 'n jong mens ná die praatjie oor koffie: "Dankie, dit was nou 'n lekker *chat*!".

Agterna dink ek oor die aand en die kerk se aanpassing by verandering: Waar weet-van-mekaar gebeur, in nabyheid of op 'n afstand, word die digter Dante se "Goddelike Komedie" 'n ingrypende mistieke gebeurtenis:

"Soos 'n wiel wat glad en vry beweeg / kom die deernis en die sorg / wat die wil en begeerte bring / tot die deernis en die sorg / wat die son en die sterre beweeg . . ."

Die kerk se oorlewing en waardevormende taak op die voorpunt en nie voetslepend in die agterhoede nie, vra iets spesiaals: Die radikale insluiting van alle mense en alle menslike moontlikhede. Dit beteken onvoorwaardelike agting en aanvaarding.

Want die kerk misluk telkens met radikale insluiting van almal, soos die Stellenbosse teoloog Chris Jones aandui.

Byvoorbeeld, om te bely dat geloof alleen genoeg is, soos Martin Luther dit had, maar dan allerlei dinge by te voeg, al die baie soorte maars: Om te glo is belangrik, maar jy moet besny wees; of jy moet weer gedoop word; of jy moet 'n man wees om in die kerk te preek; of jy moet heteroseksueel wees om 'n dominee te wees, of as jy homoseksueel is, moet jy selibaat bly en nie trou nie enso(uitsluitend)voort.

Deur die eeue is die uitsluitings, die voorwaardes, die ja-maars en die byvoegings teologies geregverdig; dikwels deur bedenklike en mensonterende eksegeses. Die kerk se behoud in die toekoms is van 'n "bekering" tot 'n gans ander beeld van God én mens afhanklik.

Jordaan is 'n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/cheers-se-lirieke-en-godse-kenbelofte-20190115

"Make your own dream.

That's the Beatles' story, isn't it? That's Yoko's story, that's what I'm saying now. Produce your own dream. If you want to save Peru, go save Peru. It's quite possible to do anything, but not to put it on the leaders and the parking meters. Don't expect Jimmy Carter or Ronald Reagan or John Lennon or Yoko Ono or Bob Dylan or Jesus Christ to come and do it for you. You have to do it yourself.

That's what the great masters and mistresses have been saying ever since time began. They can point the way, leave signposts and little instructions in various books that are now called holy and worshipped for the cover of the book and not for what it says, but the instructions are all there for all to see, have always been and always will be.

There's nothing new under the sun. All the roads lead to Rome. And people cannot provide it for you. I can't wake you up. You can wake you up. I can't cure you. You can cure you."

— John Lennon

"Listen to your life. See it for the fathomless mystery it is. In the boredom and pain of it, no less than in the excitement and gladness: touch, taste, smell your way to the holy and hidden heart of it, because in the last analysis all moments are key moments, and life itself is grace."
— Frederick Buechner, Now and Then: A Memoir of Vocation

"But it's not unprocessed grain and grape that we find on the Communion table, it's bread and wine. Grain and grape come from God's good earth, but bread and wine are the result of human industry. Bread and wine come about through a cooperation of the human and the divine. And herein lies a beautiful mystery. If grain and grape made bread and wine can communicate the body and blood of Christ, this has enormous implications for all legitimate human labor and industry. The mystery of the Eucharist does nothing less than make all human labor sacred. For there to be the holy sacrament of Communion there must be grain and grape, wheat fields and vineyards, bakers and winemakers. Human labor becomes a sacrament, a farmer planting wheat, a vintner tending vines, a miller grinding wheat, a winemaker crushing grapes, a woman baking bread, a man making wine, a trucker hauling bread, a grocer selling wine. Who knows what bread or what wine might end up on the Communion table as the body and blood of Christ. This is where we discover the holy mystery that all labor necessary for human flourishing is sacred. A farmer plowing his field, a worker in a bakery, a trucker hauling goods, a grocer selling wares—all are engaged in work that is just as sacred as the priest or pastor serving Communion on Sunday. The Eucharist pulls back the curtain to reveal a sacramental world."
— Brian Zahnd, Water To Wine: Some of My Story

Brood vir die pad

Dié soort vreugde is veel meer werd as ure se plesier

RRV

Die Oxfordse letterkundige C.S. Lewis – onder meer bekend vir sy Kronieke van Narnia-kinderboeke – publiseer in 1955 'n outobiografiese geskrif onder die titel Surprised by Joy.

Teen die einde van die boek skryf Lewis oor sy bekering tot die Christendom: "In the Trinity term of 1929 I gave in, and admitted that God was God . . . perhaps, that night, the most dejected and reluctant convert in all of England."

Wat opval met die lees van Surprised by Joy is hoe Lewis sy geestelike ervaring aan die belewenis van vreugde koppel, en hoe hierdie vreugde vir hom iets anders as blote plesier is.

'n Paar jaar gelede is 'n ongepubliseerde brief van Lewis, gedateer 19 Augustus 1945 en gerig aan 'n sekere "Mrs Ellis," in een van sy boeke gevind wat by 'n tweedehandse boekwinkel gekoop is.

Hierin skryf Lewis eweneens oor vreugde, en maak hy dit duidelik dat ware vreugde nie met voorspoed en die gevoel van veiligheid verwar moet word nie. Die soort vreugde waaroor hy dit het, laat jou nie rustig slaap nie, maar hou jou wakker. 'n Sekonde se vreugde, skryf hy, is meer werd as 12 ure se plesier.

Lewis het in later jare na aanleiding van 'n vraag oor die boeke wat sy lewensuitkyk gevorm het, die Duitse teoloog en godsdienshistorikus Rudolf Otto se Das Heilige by sy lys ingesluit – 'n boek wat die eerste keer in 1917 verskyn het, en waarvan 'n nuwe druk in 2012 in Nederland onder die titel Het heilige: Een onderzoek naar die relatie tussen de rationele en non-rationele kante van religie uitgegee is.

In dié gewilde werk beskryf Otto die ervaring van die heilige as 'n mysterium tremendum et fascinans, 'n misterie wat terselfdertyd vreesaanjaend en fassinerend is; 'n geheimenis wat ons laat sidder én ons aantrek.

Hierdie ervaring van wat Otto "die numineuse" noem (van die Latynse numen, 'n goddelike teenwoordigheid of mag) kan talle vorme aanneem. Dit kan met stilte gepaardgaan of tot ekstase en verwondering aanleiding gee.

Otto skryf ook hoe hierdie ontsagwekkende en onverwagse ervaring met 'n sekere gevoel van intimiteit en geluksaligheid kan saamhang.

Iets hiervan word treffend in Sheila Cussons se gedig "Die Sagte Sprong" verwoord wanneer sy oor die ervaring van 'n aanraking "lig soos 'n veer, vlugtig maar presies" skryf:

"Dit kom wanneer dit nie verwag / word nie: iets wat die bewussyn tot / in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong – / vreugde, verbasing, vreugde, herkenning: / hoe moet u vasvat wees?"

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-soort-vreugde-is-veel-meer-werd-as-ure-se-plesier-20190111

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877